# DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

11 Januarie 2026


## Gasvryheidsbediening

Elisma Lotz en haar span sal weer vanaf Sondag 18/1 hierdie bediening hervat, in Kosmos, na die erediens.


# BORG

**van die maand**

**FEATHER DUSTERS Helderberg**

**Johan Bruwer**

**084 871 0138**



johan@fdusters.co.za


## Gebedsonderwerpe

- Bid vir die gladde verloop met die aanvang van die nuwe skoolkwartaal vir 2026.
- Bid vir die brandbestryders en almal betrokke wat behulpsaam is met die bestryding van die brande in die omgewing en elders.
- Elkeen in ons gemeente wat weens ouderdom en gesondheidsprobleme afhanklik geword het. Bid vir vrede in hulle harte. Bid vir hulle versorgers, vir krag om die taak met liefde vol te hou.

***Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com***

## JAN se deurkollektes

04 Jan: Gemeentebediening – R605
11 Jan: Projekte 2026
18 Jan: Dienende Hande
25 Jan: Sin: Teologiese Kweekskool

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 15 Januarie om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Oggenddiens 09:00

Baie welkom by vanoggend se erediens. Kom ons raak saam stil en maak ons harte oop vir dit wat God deur sy Woord en Gees met ons wil deel. Mag jy in hierdie nuwe seisoen van 2026 iets beleef van God se omgee en nabyheid. Ek en my gesin kan getuig dat ons sedert ons hier in Somerset-Wes aangekom het, net omgee en warmte ervaar het. Graag sal ons saam uitbrei op hierdie kultuur van omgee.

Vanoggend luister ons na Lukas 9:51–62. Hierdie gedeelte herinner ons daaraan dat die eise van dissipelskap nie ligtelik opgeneem moet word nie. God is 'n God wat roep. Hy het mense soos Moses, Samuel, Jona en die dissipels geroep en Hy roep vandag steeds vir jou en vir my. Wanneer ons op sy stem reageer, nooi Jesus ons om Hom te volg op sý terme. Vanoggend dink ons saam na oor drie maniere waarop Jesus wys hoe ernstig dissipelskap is.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 08:45 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik. Die skakel na die erediens sal kort voor die aanvang van die erediens, beskikbaar wees.

**Geen meditatiewe diens op 11/1/2026.**

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
14/01: Patmos.
**Aande: weekliks**
14/01: Patmos.

## Gebedsgroep Woensdae

14 Januarie om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding


- **Dawie Rossouw,** Netcare Kuilsrivier.
- **Bettie du Plooy,** tuis na hospitalisasie.
- **Jasper Pieters**, herstel na hartomleiding.
- **Nicolette Stassen,** heupvervanging.
- **Lydia Gerber,** met die afsterwe van haar ma.
- **Chris Hollenbach,** herstel na hospitalisasie.
- **Stephan J v Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe**, broos.
- **Ben du Toit,** broos.
- **Kobus Blaauw,** broos.





*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

# BEVESTIGING & INTREE-PREEK



Ds Willem Sauer word vandag deur Ds Hennie Fouché bevestig, waarna hy sy intree-preek sal lewer.
Daar sal na die erediens 'n geselligheid in die kerksaal wees en almal word hartlik genooi om saam met die Sauer-gesin tee te drink.

Ons verwelkom vir Ds Willem, Jeanri en Dawid graag en van harte in ons midde. Ons bid vir hulle die seën van die Here toe met die bediening in die Omgee-gemeente. Baie sterkte ook aan Dawid wat sy skoolloopbaan by De Hoop Laerskool sal voortsit.



# BETESDA

Betesda bestaan uit 'n groep van 6 dames wat gemeentelede op die voorbiddingslys kontak en ondersteun. Hierdie dames bepaal ook watter ondersteuningsraamwerk daar in plek is vir elkeen van hierdie persone om sodoende die pad sinvol saam met hulle te stap. Met hul werksaamhede het Betesda 'n behoefte geïdentifiseer aan 'n uitreikgroep om eensame persone te besoek en te help met inkopies, doktersbesoeke ens. Dit kan ongelukkig nie onder die Betesda saambreel geakkommodeer word nie en laat sodoende 'n geleentheid. ***Versoek: Belangstellende gemeentelede word dus genooi om 'n koördineerder te identifiseer en 'n uitreikspan op die been te bring wat genoemde behoefte kan aanspreek.***

# Gasvryheidsbediening

Hierdie span onder leiding van Elisma Lotz bederf gemeentelede gereeld met heerlike eetgoed saam met die koffie/tee Sondae na die erediens. ***Gemeentelede wat deel wil word van hierdie bediening kan asb. vir Elisma skakel by 082 442 2237. Jy kan betrokke raak deur hulp aan te bied met tee skink of as jy graag bak en brou kan jy vir Elisma daarmee help. Meld asb. aan en skakel in. Hierdie bediening is elke Sondag na kerk (behalwe oor langnaweke en skoolvakansies) op hul pos in Kosmos, in die kerksaal.***

# Kerkkalenders 2026

Omgeewerkers het die kerkkalenders gedurende Desember ontvang om in die wyke uit te deel. Diegene wat dit nog nie afgehandel het nie, sal gedurende Januarie met die verspreiding daarvan voortgaan.
Met groot dank en waardering aan al ons omgeewerkers!

**Mag 2026 vir almal geseënd wees.**

# Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**16 Januarie 2026** in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

## Gemeentekuier - Hamburgeraand

**Vrydag, 30 Januarie 2026, 18:00**

**in die kerksaal @ R50 per hamburger**

Dienende Hande bied weer 'n heerlike **hamburgeraand** aan.

Al wat jy moet saambring is:

**Eie eetgerei, glase, drinkgoed, koffiebeker (koffie/tee beskikbaar)**

***Bespreek by Liesle (021 852 1787 / 083 272 1745) voor 26/01/2026 om 14:00.***

**Betaling met bespreking:**

**Kontant/kredietkaart/Snapscan of per EFT**

**NB: VERWYSING: Hamburgeraand + NAAM & VAN**

## Nuwe intrekkers

***Ons verwelkom graag nuwe intrekkers in ons Omgeegeeente.***

**Prosedure vir aansluiting**: Voltooi asb. die ***nuwe intrekkersvorm*** wat in die kerk se portale beskikbaar is, of op ons gemeente se webtuiste by: https://ngkerksomersetwes.co.za/, sodat ons jou inligting op die stelsel kan insleutel en jou attestaat van die vorige gemeente kan aanvra. Gooi sommer jou voltooide vorm die volgende Sondag in die kollektebord of epos dié vorm na Liesle by ngsomerset@mweb.co.za.

***Ons nooi dus alle nuwe intrekkers, besoekers en kuiergaste om na elke erediens te kom tee drink in KOSMOS in die kerksaal.***

***Daar word 1 x per kwartaal op dieselfde Sondag as nagmaal (sien kerkkalender in dié verband), 'n tee spesiaal net vir nuwe intrekkers aangebied in PATMOS, in die kerksaal. Volgende geleentheid is Sondag, 8 Februarie. Tydens hierdie geleentheid sal ds Willem 'n vinnige oorsig gee oor die gemeente se samestelling, aksies en werksaamhede. Jy is genooi!***

# Kategese


**Hervat weer op Sondag, 18 Januarie, nadat die skole heropen het.**

### Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.***

**Groei-goggas**

**Groen** laat ons aan groei dink en dié jaar gaan ons baie oor die kleur groen praat en hoe dit ons help om te dink hoe ons as klein kinders geestelik groei. Die kleuters speel-speel tot in die wêreld van die Bybel en maak kennis met Bybelse kosse, klere en gewoontes. Tydens die reeks gaan die kleuters blootgestel word aan geestelike groei soos gebed, Bybellees, ander van Jesus te vertel, jammer te sê vir sonde en saamwees as kinders van God.



***Graad 1-6: Tydens die erediens in die kerksaal.***

**My Blink ID**

Hierdie jaar gaan ons kinders hulle ou, dowwe **ID's** inruil vir 'n splinternuwe een! Hulle gaan ontdek watter voorregte hulle **ID** in Jesus bring. Dan gaan ons saam gesels oor die lawwe IDees wat ons soms oor onsself en ons vriende het en dan oor die Blink IDees uit die Bybel om hulle te help om hul **ID** in Jesus te ontdek en uit te leef.

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

### Senior kategese: Graad 7 – 12

**Alle graad 7 tot 12 leerders meld op 18 Januarie na die erediens in die konferensiekamer in die kerksaal aan. Die kategete sal jul daar ontmoet.**

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869): Graad 7-9**

**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675): Graad 10-12**